Paulus en Barnabas in Listra :

Ontmoeting 16

Alle eer kom God toe

Teks: Handelinge 14:8-28

Hulpmiddels:

- Ballonne vir elke kind plus 'n paar ekstra
- 'n Sakkie soos byvoorbeeld 'n geskenkpakkie
- 'n Klein boekrol (soos gemaak in Ontmoeting 8)
- 'n Skoen
- 'n Toegedraaide geskenkie
- 'n Blom
- 'n Stukkie lap wat jy kan skeur *(Maak voor die tyd 'n klein snytjie in die lap sodat dit makliker kan skeur)*
- 'n Klein rugsakkie/kospakkie
- Koper split-pennetjies
- Patroon van dansende mannetjie op karton
- Tydskrifte
- Skêre
- Karton
- Gom
- 'n Bybel
- 'n Klip

WELKOM

Deel die kinders in gelyke groepe. Elke groep staan in 'n ry agtermekaar. Tel tien treë voor die voorste kinders uit en plaas 'n lyn of baken vir die eindstreep. Maak seker dat daar 'n ballon vir elke kind in die groep is, plus 2 ekstra indien daar ballonne bars voor die speletjie begin. Gee 'n ballon vir elke eerste kind in die ry en sodra jy die fluitjie blaas/musiek begin speel, kan die kinders begin. Die voorste kind in die ry gee die ballon bo-oor aan na agter, die tweede kind ontvang die ballon en gee dit onderdeur sy bene na die kind agter hom. Herhaal die patroon bo-oor, onderdeur, ens. tot die ballon by die laaste kind kom. Die laaste een moet tot voor by die eindstreep hardloop, op die ballon gaan sit en dit bars. Wanneer die ballon gebars het, moet die kind voor in die ry gaan staan en die proses weer van voor af begin met 'n nuwe ballon totdat elke kind 'n beurt gehad het om 'n ballon te bars. Die eerste groep wat klaar is en sit, wen. Die aanbieder moet die kinders dan vreeslik prys dat hulle gewen het oor hulle goeie samewerking, spoed, goeie handvaardighede met die ballon en skerp boudbene om die ballon maklik te bars.

Vra die volgende vrae aan die kinders:

1. Wie van julle het al iets gewen omdat julle die beste was daarin?
2. Hoe voel dit om geprys te word as jy iets goed gedoen het?
3. Hoe sou jy gevoel het as iemand jou prys vir iets wat jy nie gedoen het nie?

WYDING

Temalied: "Ek wandel in die Lig van God"
"I have decided to follow Jesus"

Stilword-ritueel:

Laat die kinders hul oë toemaak. Laat hulle kyk na die donker en lig patrone binne die ooglede. Sê na 20 tellings in 'n rustige stem (terwyl hul oë toebly): "God se lig skyn altyd voor ons, of dit donker of lig in ons lewe is. Vra God om die donker dinge in jou lewe vir jou te wys en jou te help om dit weg te neem."
"Kom ons volg Paulus op sy pad."

WOORD

Verlede keer het ons vriend Paulus op 'n reis vertrek. Wie het saam met hom gereis? Kan julle onthou op watter eiland het hulle gekuier? Wat het daar gebeur?
Vandag gaan ons verder saam met Paulus reis. Paulus, Barnabas en Johannes Markus het aan die ander kant van die eiland Siprus by Pafos op 'n boot geklim en na Perge gevaar. *(Gebruik die skoen-en-bootjie "button" om vir die kinders te wys hoe hulle gereis het.)*
Johannes Markus het hulle hier verlaat en Paulus en Barnabas het alleen verder gereis. Hulle het die berge uitgeklim na Antiogië en Ikonium. *(Draai die bootjie om sodat die sandaal nou bo is om te wys hulle het te voet verder gereis.)* Nou gaan ons kyk wat verder met hulle gebeur het.
Kom ons kyk wat het ons vandag alles in ons reistas:
Sit die volgende items vooraf in die tas:

- 'n Klein boekrol

- 'n Skoen
- 'n Toegedraaide geskenkie
- 'n Blom
- 'n Stukkie lap wat jy kan skeur
- 'n Bybel
- 'n Klip
- 'n Klein rugsakkie/kospakkie

Vertel vir die kinders die volgende storie van Paulus en Barnabas terwyl jy die items een-vir-een uit die tas haal:

By Ikonium het Paulus en Barnabas soos gewoonlik na die Joodse sinagoge gegaan. *(Haal die boekrol uit.)* Hulle het met groot mag gepraat. 'n Groot hoeveelheid Jode en nie-Jode het gelowiges geword. Ongelukkig was daar ander mense wat nie gelukkig was oor die feit dat hierdie mense gelowiges geword het nie. Daar was Jode in Ikonium wat geweier het om te glo. Dit het moeilikheid vir Paulus en Barnabas veroorsaak. Dit het egter nie vir Paulus of Barnabas afgeskrik nie. Hulle het aangegaan om die Here se naam te preek sonder om skaam te wees. Hulle het selfs wonderwerke verrig. Op hierdie manier het die Here gewys dat hulle die waarheid praat oor Sy genade. Die stad van Ikonium was verdeel en sommige mense was aan die Jode se kant en die ander aan die apostels se kant. Dié wat aan die Jode se kant was, was so kwaad dat hulle besluit het om vir Paulus en Barnabas dood te maak. Paulus en Barnabas het gelukkig daarvan uitgevind en na Listra gevlug. Daar het hulle die Goeie Nuus verder vertel.

In Listra was daar 'n man wat nie sy voete kon gebruik nie. *(Haal die skoen uit.)* Hy was van sy geboorte af verlam. Hy kon nooit loop nie. Hy het geluister terwyl Paulus praat. Paulus het stip na hom gekyk en gesien dat hy die geloof het om gesond gemaak te word. Toe het hy met 'n harde stem gesê: "Op jou voete!" Die man het opgespring en rondgestap. Toe die skare sien wat Paulus gedoen het, het hulle geroep: "Die gode het na ons gekom in mense liggame." Hulle het vir Barnabas Zeus begin noem en vir Paulus Hermes omdat hy al die praatwerk gedoen het. *(Zeus en Hermes was twee van die afgode wat die mense van Listra aanbid het.)* Die priesters van die afgodstempel het aan hulle blomme en geskenke gebring. *(Haal die blom en geskenk uit die tas.)* Hulle het gereedgemaak om saam met die skare offers aan Paulus en Barnabas te bring. *(Haal die lappie uit die tas en skeur dit terwyl jy vertel.)* Toe Paulus en Barnabas hiervan hoor, het hulle hulle klere geskeur en tussen die mense ingespring en geskree: "Mense, waarom doen julle dit? Ons is mense net soos julle." *(Haal die Bybel uit.)* "Ons bring vir julle die Goeie Nuus sodat julle hierdie nikswerd kamstige gode moet laat staan en julle tot die lewende God bekeer." Maar selfs met hierdie woorde kon die apostels skaars keer dat die mense offers aan hulle bring.

Toe het daar Jode gekom en die mense na hulle kant toe oorgehaal. *(Haal die klip uit die tas.)* Hulle het Paulus met klippe gegooi en hom uit die stad gesleep; hulle het gedink hy is dood. Gelowiges het toe 'n kring rondom hom gevorm. Hy het opgestaan en weer die stad binne gegaan. *(Haal die rugsakkie/padkos uit die tas.)* Die volgende dag het Paulus en Barnabas na Derbe vertrek. Daarna het hulle weer op pad terug by al die vorige dorpe waar hulle al was, aangegaan tot hulle per skip na Seleukië, wat die hawe van Antiogië in Sirië was, kon reis. Dit was die einde van Paulus se eerste sendingreis. *(Gebruik die sandaaltjie om op die kaart te wys hoe hulle gereis het en draai dit om sodat die boot weer kan "vaar" waar hulle oor die see gereis het.)*

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat vir jou mooi was in die storie.
2. Ek wonder waar jy jouself in hierdie storie sou sien.
3. Ek wonder wat jy sou doen as mense jou wil eer en geskenke bring al verdien jy dit nie.
4. Ek wonder of jy onthou om vir God dankie sê vir die goeie goed wat in jou lewe gebeur.

WERSKAF

- ◊ Al die kinders bring hul paspoorte om dit te laat stempel.
- ◊ Plak 'n plakkaat met 2 Kor 3:5 vir die kinders op, werk saam met die kinders handbewegings daarvoor uit en memoriseer dit m.b.v. van die handbewegings: "Uit my eie kan ek in elk geval niks regkry nie. God self het my toegerus om sy werk te doen."
- ◊ Kopieer genoeg van die verlamde man se lyfdele op karton. Laat die kinders dit uitknip, gaatjies inpons en dit aanmekaar sit. Nou kan hulle lekker speel met die verlamde man wat genees is.
- ◊ Maak 'n collage van dinge waarvoor jy vir God kan eer en prys met prentjies wat uit 'n tydskrif geskeur en/of geteken is.

Sluit af met die seënbede:
"Die Here sal Sy lig elke dag op jou laat skyn sodat jy kan weet wat reg en wat verkeerd is. Amen."

2 Kor 3:5 : "Uit my eie kan ek in elk geval niks regkry nie. God self het my toegerus om sy werk te doen."

Die verlamde man

Benodigdhede:
plakkaatpapier (manilla / 160 g)
'n skêr
gaatjiespons
kopersplitpennetjies

Kopieer die lyfdele op plakkaatpaier. Sny die vorms uit en maak gaatjies op die aangeduide plekke met 'n gaatjiespons. Laat die vorms oorvleuel by die gaatjies en steek 'n kopersplit-pennetjie deur elke gaatjie. Maak die pennetjies aan die agterkant oop om die dele aanmekaar vas te maak. Versier die mannetjie soos jy wil. Laat die kinders die arms en bene beweeg sodat die man-netjie "dans" soos die man wat voor Paulus-hulle gedans het.



Dele van die "dansende mannetjie"
(die man wat verlam was)